# WAT IS LIEFDE?

**Kan jy vir my se wat jy dink liefde is?**

Gee jou kind kans om te antwoord, gebruik die antwoorde en brei daarop uit. Mens leer ook baie uit wat hulle se hoe hulle liefde ervaar en wil ervaar (hulle love language).

Kom ons lees wat se die bybel.

**1 Korintiers 13 : 1**

1Nou wys ek julle wat nog die allerbeste is:
Al praat ek die tale van mense en engele,
maar ek het geen liefde nie, het ek 'n stuk klinkende metaal, 'n galmende simbaal geword.

Vat 'n lee blikkie en slaan daarop met 'n hout lepel. Laat jou kind die verskil hoor tussen die lee blikkie en 'n blikkie met 'n lap in.

Hoor jy die verskil? Sonder liefde maak ons 'n aaklige geluid, soos die lee blikkie. Maar as jou hartjie vol liefde is dan is dit nie so 'n lelike klank nie.

Dink gou as jy speel met 'n maaitjie en jou maaitjie het 'n speelding wat jy graag wil he. As jy jou maaitjie vra en hulle se op 'n lelike manier.. "DE, vat dit!!"

Dit klink mos nie mooi op ons ore nie. Dit is 'n geraas en dit maak ons hartjie seer.

Dit is omdat daar niks liefde is was nie. Liefde maak dinge sag en mooi.

Kom ons lees wat se die bybel, hoe kan ons sien dis liefde.

# WAT IS LIEFDE?

Kom ons lees wat se die bybel.
**1 Korintiers 13:4**
4.Die liefde is geduldig,
die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie.
5Dit handel nie onwelvoeglik nie,soek nie sy eie belang nie,
is nie liggeraak nie, hounie boek van die kwaad nie.
6Ditverbly hom nie oor onreg nie,maar verheug hom oor die waarheid.
7Dit bedek alles,glo alles,hoop alles,verdra alles.
8Die liefde vergaan nooit nie,maar die gawevan profesie sal verdwyn,
die gaweom ongewone tale en klanke te gebruik, sal ophou,
en dié van kennis sal uitgedien raak.

Hier is 'n paar GROOT woorde.. kom ons kyk na die werk blad.

# WAT IS LIEFDE?
## WERKBLAD


**Liefde is geduldig**
Waneer dit jou verjaarsdag is maar jy moet wag om jou persente oop te maak.  Dit is om geduldig te wees.





**Liefde is vriendelik**
Waneer jy vriendelik is met mense van wie jy hou en nie hou nie.  Omdat jy Jesus in jou hartjie het maak dit dat jy vriendelik is met almal.


**Liefde is nie afgunstig nie en nie grootpraterig nie**
Afgunstig wees is wanneer iemand anders iets het wat jy graag wil he, en jy is sommer kwaad omdat hulle dit het. Grootpraterig is weer wanneer jy vertel jy is beter as ander omdat jy iets het of kan doen wat ander nie kan nie.






**Liefde handel nie onwelvoeglik nie**
Om onwelvoeglik te handel is om lelik en ombeskof met ander te wees.

**Liefde soek nie sy eie belang nie**
Liefde dink altyd aan ander en hul gevoelens eerste.  Dit beteken nie jy moet jouself indoen nie, maar om aan ander eerste te dink en hulle gevoelens is liefde.





**Liefde is nie liggeraak nie en hou nie boek van kwaad nie**
Die liefde maak dat ons nie sommer ontsteld raak oor klein goedjies nie. Wanneer onthou ons nie hoeveel keer die persoon ons seergemaak het nie.



**Liefde verbly hom nie in onreg nie**
Die liefde kan nooit bly wees as iemand verkeerd behandel word nie.

# WAT IS LIEFDE?
## WERKBLAD

**Liefde bedek alles,glo alles,hoop alles,verdra alles.**

## KLEUR DIE PRENTJIES IN WAT LIEFDE VERTEENWOORDIG





